LEEUWENHOF AKADEMIE
LAERSKOOL NUUSBRIEF NR. 14 / 2017
9 MEI 2017

Geagte ouers en personeel,
In Lukas 24 lees ons van twee persone wat op pad is na Emmaus. Die twee loop en praat oor Jesus wat aan die kruis gesterf het en dat Sy graf leeg was die volgende oggend. Skielik is daar ‘n derde persoon by die twee Emmausgangers. Dit was Jesus maar hulle het hom nie herken nie. Die persoon lê vir die twee voetgangers uit oor dit wat met Hom gebeur het en dat dit ‘n profesie uit die Ou Testament is wat vervul is. Die twee persone het eers die aand besef dat dit Jesus was toe Hy vir hulle brood gebreek het.

‘n Interessante feit is dat niemand nog ooit kon bepaal waar die dorpie Emmaus op ‘n landkaart is nie behalwe dat dit naby Jerusalem was.

Ons weet soms nie waarheen ons op pad is nie en voel dit of ons probleme ons oorspoel. Net soos Jesus teenwoordig was by die Emmausgangers is Jesus elke dag by ons. Soms is ons fokus so op ander dinge gerig dat ons nie vir Jesus raaksien te midde van ons situasie nie. Hierdie verhaal stel ons gerus dat Jesus altyd by ons is, maak nie saak waarheen ons op pad is nie. Wat ‘n fantastiese gerusstelling is dit nie.

OUERSKAP
Kliek gerus op die onderstaande skakel oor hoe om seker te maak dat jou kind vir jou luister:

http://ahaparenting.us2.list-manage2.com/track/click?u=775b94b440ad73397931a9ad7&id=112125bfb2&e=cb050b8d23

AKADEMIE
CONQUESTA
Die Graad 1 tot 7 leerders van 2016 het in Oktober, deelgeneem aan Conquesta.
Die Graad 1-3 leerders het Afrikaans en Wiskunde geskryf. Die Graad 4 tot 6 leerders het Afrikaans, Engels en Wiskunde geskryf, terwyl die Graad 7 leerders a.g.v. die Benchmark slegs Afrikaans geskryf het.

Ons het nou die uitslae van die Conquesta ontvang. Leerders wat Conquesta geskryf het, ontvang hul sertifikate waarop hulle individuele prestasie aangedui is.

Skole in Afrika en New Zealand neem ook aan die olimpiade deel. Ons is trots op die volgende grade wat onder die eerste 20 ‘n plek behaal het.

GRAAD	VAK	PLEK BEHAAL
Graad 1	Afrikaans	2de Plek
Graad 1	Wiskunde	5de Plek
Graad 2	Afrikaans	5de Plek
Graad 3	Afrikaans	7de plek
Graad 4	Afrikaans	2de plek

Graad 4	Engels	4de plek
Graad 5	Afrikaans	6de plek
Graad 5	Engels	9de plek
Graad 6	Afrikaans	7de plek
Graad 6	Engels	5de plek
Graad 7	Afrikaans	5de plek

LEEUWENHOF AKADEMIE: LOOPBAANDAG VIR GR. 6 EN 7 LEERDERS

- Verskeie tersiêre instansies besoek die skool. (25 Instansies)
- 17 Mei HS-saal
- 9:00-11:00

Ons leerders besoek die uitstallings tydens pouse

Ouers is welkom om die uitstallings by te woon.

CARINA DIEDERICKS-HUGO BESOEK LEEUWENHOF

Leeuwenhof het die nuwe termyn sommer behoorlik afgeskop met ‘n opwindende Lapa boekverkoping asook ‘n besoek deur die bekende en gewilde kinderboekskrywer, Carina Diedericks-Hugo, op Vrydag 5 Mei.

Carina is die skrywer van die bekende Thomas@-boeke wat deur kykNET verfilm is.

Graad 3-7 leerders het die geleentheid in die Laerskoolsaal bygewoon. Leeuwenhoffers is weggevoer na ‘n ander wêreld…die ongelooflike avonture van Thomas en sy maats. Die leerders het aan Carina se lippe gehang en het entoesiasties en met totale oorgawe deelgeneem aan die praatjie. Die teleurstelling was groot toe die einde aanbreek! Agterna was daar geleentheid om Carina persoonlik te ontmoet terwyl sy haar boeke vir leerders geteken het.

SPORT
RUGBYLIGA TEEN L/S FONTAINEBLEAU

Span	Leeuwenhof	Fontainebleau
0/9	14	0
0/10	0	14
0/11	10	7
2 des	Kon nie speel nie	

1 stes	7	40

WELPIERUGBY

Ons Welpies het Saterdag by L/s President Steyn deelgeneem. Dit is opmerklik dat ons ouers pragtig ondersteun.

Baie dankie aan ons pappas wat tyd opoffer om as afrigters betrokke te wees hierdie seisoen:

- O/6 Tiaan Vorster & Rossouw Pieterse
- O/7 Philip Pieterse & Andries Gelderblom
- O/8 Rikus De Villiers & Téan Els

Eerskomende Saterdag vind die Welpierugby by Hoërskool Goudrif plaas.

UMALUSI

Al drie skole ontvang die 16 de Mei besoek van hierdie organisasie wat daarvoor verantwoordelik is om alle privaatskole in die land te akkrediteer.

HEMELVAARTDIENS

Op die 25 ste Mei is dit Hemelvaart. Daar sal ‘n diens by die skool plaasvind om 08:00. Ouers is welkom om hierdie diens by te woon.

BUITESKOOL PRESTASIES

GRAAD	NAAM VAN LEERDER	PRESTASIE BEHAAL
7	Karla van Staden	• Sy is gekies vir die Suid-Afrikaanse skyfskietspan wat eersdaags aan ‘n Internasionale kompetisie gaan deelneem. Baie geluk!

7	Chené Erasmus 	• Chené neem aan die Suid Afrikaanse Kampioenskappe vir Jong Kunstenaars deel - Drama. Sy het 5 Goud, 1 Silwer en 3 Brons ontvang en word vir die 3de jaar gekies as deel van die SA Span om SA te verteenwoordig in Los Angeles. Baie geluk!
6	Jaco Louw 	• Jaco het deelgeneem by die Arnold Classic Africa Exhibition in die Martial Arts demonstrasie span wat die afgelope naweek by die Sandton Convention sentrum gehou is. Baie geluk!
5	Theodore Smith 	• Theodore neem aan die Suid Afrikaanse Kampioenskappe vir Jong Kunstenaars deel en ontvang verskeie medaljes vir drama, modelwerk en instrumentaal. Baie geluk!

4	Martin Koen 	• Martin het deelgeneem by die Arnold Classic Africa Exhibition in die Martial Arts demonstrasie span wat die afgelope naweek by die Sandton Convention sentrum gehou is. Baie geluk!

BELANGRIKE DATUMS

10 Mei	Gewyde sang
	Rugbyliga vs L/s Dalmondeor(Tuis) – o/9 tot o/13
11 Mei	WIJ
	Netballiga vs St. Dunstans
12 Mei	Mini-netbaltoernooi vir 0/9 by Leeupark
13 Mei	Welpierugby by L/s Oosterkruin vir o/6 tot o/8
15 Mei	Skaakliga vir 0/9, 0/11 en 0/13 spanne
16 Mei	Akademiese ondersteuning 07:30
	Umalusi se besoek
17 Mei	Gewyde sang
	WOW Spelfees: Uitdunne in klasse
	Loopbaanskou vir gr. 6 en 7 by H/s tydens pouses
	Rugbyliga vs Generaal Alberts(Tuis) – 0/9 tot 0/13
18 Mei	Wêreldkennis olimpiade vir gr. 6 en 7 leerders om 07:45
	WOW Spelfees: Uitdunne in klasse
	Netballiga vs St. Dominics
	Alberton Ambassadeursaand
19 Mei	**AFRIKAANS TERMYNTOETS: GR. 4 TOT 7**
	WOW Spelfees: Uitdunne in klasse
	Mini-netbaltoernooi vir 0/9 by Leeupark
20 Mei	Welpierugby by L/s MW de Wet vir 0/6 tot 0/8(Verskuif van L/s Randhart na L/s MW de Wet)
22 Mei	Skaakliga vir 0/9, 0/11 en 0/13 spanne
	WOW Spelfees: Finale in Laerskoolsaal
23 Mei	Akademiese ondersteuning 07:30
	Vereeniging Ambassadeursaand
24 Mei	Rugbyliga vs Jan Celliers(Weg) – 0/9 tot 0/13
25 Mei	**HEMELVAARTDIENS om 08:00**
	Netballiga vs St. Catherines

LAERSKOOLBESTUUR

Skoolhoof:	Mnr W Uys	wium@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Akademie:	Me A vanZijl	anlivz@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Organisatories:	Mnr W Jacobs	willem@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof: Kultuur:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Juniorfase:	Me H Pretorius	helenap@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Seniorfase:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Sport:	Mnr T de Villiers	thysv@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Musiek:	Mnr K Pretorius	kobie@leeuwenhof.co.za
Bemarkingsbestuurder:	Me M Wagner	marketing@leeuwenhof.co.za
Sekretaresse:	Me M Bothma	margaretb@leeuwenhof.co.za

Leeuwenhof - groete

_____

MNR. WIUM UYS
HOOF - LAERSKOOL